e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

24 Mei 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 16

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Waar vind ons die ware kerk?

Een van ons Kerk se belydenisskrifte, die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), handel in Artikel 29 oor die kenmerke van die ware en valse kerk. Die NGB gee aan ons drie merktekens van die ware kerk: *Die suiwer verkondiging van die evangelie, bediening van die sakramente soos Christus dit ingestel het, en die toepassing van die kerklike tug.*

Baie mense meen dat die derde merkteken, kerklike dissipline en tug, vreemd op die oor val. Is dit nie strydig met Christelike liefde nie? Dit is egter te verstane dat die belydenisskrifte kerklike dissipline as 'n merkteken van die ware kerk beskou, as ons in gedagte hou dat dit ***die eenheid van die kerk*** in die oog het. Kerklike dissipline het dus die funksie om gelowiges in liefde en in die geloof op te bou, sodat almal hulle eendragtig vir die eer van God en die eenheid van die kerk beywer.

Hierdie verstaan van kerkwees en kerkeenheid het die praktiese implikasie dat die Hervormde Kerk van al sy ampsdraers verwag om tydens hulle bevestiging voor God te belowe dat hulle die evangelie in ooreenstemming met die kerklike belydenis sal verkondig en hulle aan die kerklike orde en dissipline sal onderwerp.

Ook wanneer individuele ampsdraers strydig met die kerklike belydenis handel, moet dit volgens kerkordelike prosedures hanteer word ter wille van eenheid. Dit is *nie 'n opsie* om jou van die kerk af te skei omdat jy meen iemand anders dwaal nie. 'n Individu se vermeende dwaalleer maak nie die kerk minder kerk nie. Die gedagte is reeds tydens die Konsilie van Arles (312 nC) afgewys, toe Donatus te velde getrek het teen persone wat hy as onwaardige ampsdraers beskou het. Die Donatistiese kettery hou nie rekening met die feit dat alle mense as sondaars voor God staan nie.

Die gebeure die afgelope tyd in die Hervormde Kerk is nog 'n tragiese voorbeeld van kerklike verdeeldheid, kerkskeuring en liefdeloosheid. Daar is in enkele gemeentes prosesse aan die gang om gemeentelike eiendom oor te plaas in die hande van verenigings en instansies buite die Kerk. Vergaderings is gehou en word beplan wat moontlik alternatiewe strukture teenoor die amptelike vergaderings van die Kerk tot gevolg kan hê. Kerklike dissipline word ondermyn deur dreigemente van hofsake.

Sulke optrede lei tot sondige verskeurdheid en tas die eer van God aan. Die korrekte wyse om verskille te hanteer, is om dit op 'n ordelike wyse in die kerk te bespreek en daaroor besluite te neem. Calvyn het by geleentheid geskryf dat *hy 10 oseane sal deurkruis ter wille van kerklike eenheid.* Mag God ook aan ons hierdie gesindheid gee, dat die eenheid van die kerk vir ons belangrik is, want die kerk behoort nie aan ons nie. Dit sal 'n skandvlek op die naam van die kerk en op elkeen van ons wees, as ons toelaat dat menslike verskille (want politieke, kerklike en teologiese verskille is menslike verskille) die liggaam van Christus skeur.

Lidmate wat ten spyte van alles verdeeldheid bevorder, moet verwag dat daar met die kerklike dissipline teen hulle opgetree sal word. Dit is nie net die belydenisskrifte en die Kerkorde wat dit vereis nie, maar ten diepste die besef dat dit om die eer van God gaan.

Dr Wim Dreyer

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Chris Liebenberg

Ds Carl Potterill

Prof Adriaan Neele

Ds Louw van der Linde

Ds Petri van Rooyen

Beroepe ontvang

- **Ds Chris Liebenberg** van Warmbad na Waterberg
- **Ds Carl Potterill** (Polisiekapelaan) na Erasmia (deeltyds)
- **Prof Adriaan Neele** (buiteland) na Eben Haëzer in Pretoria (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Ds Louw van der Linde** (beroepafwagtend) na Trichardtsfontein

Beroep bedank

- **Ds Petri van Rooyen** van Joachim Prinsloo/Ruskoppies na Waterberg

Brugpredikant benodig

- Die **Otjiwarongo/Outjo-kombinasie in Namibië** benodig so gou moontlik die dienste van 'n **emerituspredikant** van die Kerk, om vir 'n tydperk van 2 tot 3 maande die kombinasie te bearbei. Die vorige drie emeriti wat op dieselfde basis met die bediening gehelp het, di Philip Prinsloo, Hennie Aucamp en Nico Brayshaw, het werk van onskatbare waarde gedoen. Die emeriti hou as't ware *vakansie* en ontvang kontant sodat dit nie werkspermit- en visumkomplikasies inhou nie. Kontak dr Frikkie Labuschagne, sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), by 012 322 8885 x256 of **frikkie@nhk.co.za** vir meer inligting.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

Hendrik Vermooten

- **Hendrik Vermooten**, argitek van die Dirk van der Hoffgebou en tientalle Hervormde kerkgeboue regdeur die land het op Sondag 20 Mei 91 jaar oud geword. Oom Hendrik het ook jare lank in die Raad van Finansies gedien. Hy bly tans by sy oudste seun, Bastiaan, in Wierdapark en geniet nog redelike gesondheid.

- **Ds Pieter Rossouw** van Gemeente Pietermaritzburg se nuwe posadres is PostNet Suite 201, Privaatsak x6, Cascades 3202. Sy woonadres is Stuartweg 38, Hayfields, Pietermaritzburg 3201. Kontak hom by 083 379 8287 of 033 396 4474 (tel en faks), of **pieter.rossouw7@gmail.com**.

- Gemeente Kampersrus se e-posadres het verander. Hul nuwe e-posadres is **kampersrus@nhk.co.za**.

- Die **sewende preekskets**, deur **dr Robert Jones van Kriel**, is op Woensdag 23 Mei aan predikante gestuur. Dié preekskets is geskryf met die oog op 27 Mei se Pinksterfees. **Lidmate** kan gaan na **www.nhk.co.za** (of **www.nhka.org**) → So werk ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting en 'n paar vrae oor die betrokke teksgedeelte wat gesprek in die gemeente kan stimuleer.

- Die **ring van Laeveld** het op Sondag 20 Mei 'n **Ringsbybelvasvra** gehou. Die bestek van die vasvra was die boek Amos. Daar het 17 spannne vanuit die 5 gemeentes van die ring deelgeneem, en die wenners is die volgende:
  Volwasse afdeling: NHSV Phalaborwa (97%)
  Hoërskoolafdeling: Kampersrus (89%)
  Laerskoolafdeling: Tzaneen (77%)

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES: 'n Wenk vir Bejaardesorg.** Dis gevaarlik vir bejaardes wanneer die beligting swak is, maar dis net so gevaarlik vir hulle om op 'n leer te klim. Help dus die bejaardes in jou gemeente en gemeenskap om stukkende gloeilampe te vervang.

- **GELOWIGE GESINNE GESPREK.** Die geloofsvorming van kinders vind plaas deur spesifieke, doelgerigte geloofsaktiwiteite wat fyn verweef lê in die daaglikse roetine en gewoontes van die gesin. Gesinne kan hierdie **vier geloofspraktyke** volg:
  - **Omgeegesprekke.** Ons gesin *praat gereeld* met mekaar oor ons lewens, *deel* in mekaar se vreugdes en hartseer, en *skeduleer* tye en afsprake om omgeegesprekke met mekaar te hê.
  - **Stiltetyd (huisgodsdiens).** Ons gesin *hou gereeld* saam huisgodsdiens en bid vir mekaar, vir ons gemeente, vir die kerk en vir die wêreld.
  - **Diens aan mekaar en ander.** Ons gesin *is diensbaar* aan mekaar, in ons gemeente en teenoor ander. Ons dien omdat Christus ons voorbeeld is van diensbaarheid.
  - **Gewoontes en tradisies.** Ons gesin se geloof is verweef met die alledaagse ritme van ons lewens. Daarom kies ons om bepaalde tye en ruimtes só in te rig dat dit ons toewyding aan God en mekaar reflekteer.

  Seënwense aan elke gesin!

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind op **13 Julie** by UP plaas. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word van die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; of per e-pos van **betsie.brits@up.ac.za**. Die **sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 2 Julie.**

- **Gemeente Piet Retief** vier vanjaar hul **eeufees**. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander gedenkwaardighede beskikbaar te stel. Almal word ook uitgenooi om die **naweek van 17-19 Augustus** aan die verrigtinge deel te neem. Dit sal 'n **dankdiens** op Vrydag 17 Augustus en 'n **basaar** die Saterdag insluit. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 Junie, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 24 Mei: Dr Robert Jones (Kriel)

- Vrydag 25 Mei: Di Rudi Botha (beroepafwagtend), Johan Koekemoer (Marble Hall) en Danie Taljard (Sionshoogte)
- Saterdag 26 Mei: Ds Jackie Dippenaar (Oos-Moot)
- Sondag 27 Mei: Ds Piet Steenkamp (Saffierkus)
- Dinsdag 29 Mei: Ds Paula Eksteen-Erasmus (Midrand)
- Woensdag 30 Mei: Ds Louis Nel (emeritus)
- Donderdag 31 Mei: Ds Gert van Staden (ringsbenoeming Bothaville)

Beplande vergaderings

- Vrydag 25 Mei: Raad van Finansies
- Saterdag 26 Mei: RV Johannesburg
  RV Wes-Kaapland
- Vrydag 1 Junie: NHKA Predikante-aftreefonds en Personeelpensioenfonds

Kursusse en toerusting

- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  5 en 6 Junie, en 6 en 7 November
  Tema: *Missionale Diakonaat. Saam in diens met verstand, hart en hand*
  By Gemeente Wapadrant
  Koste **R320** per persoon
  Predikante wat VTT **in Junie** wil bywoon, kontak mev Betsie Brits **voor 28 Mei**
  Let asseblief op die nuwe afsnydatum!
  E-pos **betsie.brits@up.ac.za** of faks 012 420 4303
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Kerkgeld vir Kerkwerk; ABSA; rekening nr 020 149 752; kode 63 20 05;
  verwysing 2013K VTT (gevolg deur naam van kursusganger)

- **Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika (IKSA)**
  Diploma in Himnologie 2012
  Die kursus in Himnologie, aangebied vanuit die Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika (IKSA), is reeds deur verskeie groepe voltooi, en almal kan getuig van die waarde daarvan. Oorsigtelik behels die kursus die volgende:
  - Die funksie van die lied in die erediens.
  - Agtergrond van kerkliedere uit alle wêrelddele.
  - Eietydse behoeftes.
  - Samewerking tussen verskillende groepe.
  - Die rol van die sanggroep.
  - Die lied in die Kerkjaar.
  - Die kerklied en simboliek.

  Die aanbieder, **dr Elsabé Kloppers**, het doktorsgrade in Teologie en in Musiek en wye ervaring van die internasionale kerklied. Die kursus is gerig op predikante, orreliste en belangstellende lidmate. Dit strek oor twee jaar met twee ontmoetingsgeleenthede per jaar en 'n werkstuk wat ingedien moet word. Die kursusfooi is R800 per persoon per jaar. Kerkrade word versoek om hul predikante en orreliste vir die kursus in te skryf.

  Die eerste ontmoeting vanjaar is in Pretoria op **Saterdag 9 Junie**.

  Belangstellendes kan met dr Elsabé Kloppers skakel: iksa@absamail.co.za of 012 429 6589 (k).

TOEGEPASTE BERADINGSKOLE VIR LERAARS EN TEOLOGIESTUDENTE

Bruikbare beradingsopleiding en praktiese ervaring
wat 'n brug bou tussen teologiese teorie en die bedieningspraktyk waar sorg, ondersteuning en berading van gemeentelede deurslaggewend is.

'n Verskeidenheid beradingstemas word gedek in 'n diverse kulturele konteks soos wat dit van toepassing is op u pastorale pligte. Daar is ruim geleentheid om vaardighede prakties te oefen in 'n geborge, uitdagende en werklike situasie.

16-20 Julie, 10-13 September 2012, PRETORIA
contact@acdisa.org vir meer inligting

Aangebied deur die Applied Counselling & Development Institute of SA se geregistreerde en gesertifiseerde pastorale en sielkundige beraders en traumapraktisyns.

Konserte en feeste

- **Sondag 27 Mei om 17:00: Gemeente Pretoria**
  Korrel vir Prinshofskool vir Blindes
  Jaarlikse koor-en-orrel-uitvoering (Korrel)
  Du Toitstraat 169, veilige parkering en motorwagte
  Prinshofkamerkoor en die Universiteitsoordkoor (Vitulari Cantores)
  Saam met Neels Matthyser en Eon Malan
  Toegang gratis maar donasie sal waardeer word
  Besoek gerus tydens pouse die SP Engelbrecht-museum
  Kontak Jodri van Staden by 076 848 5300
  Elmien Knoetze by 079 490 4745
  Casper Bender by 083 501 7787

- **Sondag 3 Junie om 15:00: Gemeente Nelspruit**
  Songs of Praise
  Met Richard Cock
  Kerkgebou, Belladonnastraat 120, Nelspruit
  Toegang R75
  Bespreek by kerkkantoor (013 741 1455), kaartjies ook by deur beskikbaar
  Navrae by 082 460 8252

- **Saterdag 9 Junie: NHSV Warmbad**
  Warm-wintertee
  Ten bate van sorgbehoewende kinders in die gemeenskap
  Dienssentrum, Van der Merwestraat, Bela Bela
  Gasspreker, kunstenaar, geskenkies en geskenkbewyse
  Uitstallers welkom, skakel Suzi van Dyk (083 310 4943)
  Kaartjies R50 per persoon
  Verkrygbaar by Amanda Liebenberg (071 877 6640)
  en Rina Steynberg (082 898 7517)

Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**
  Egipte, Israel en Jordanië
  4-18 Desember 2012
  Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979
  of **hannes@pretoriaoos.com** vir meer inligting

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Tzaneen: Groot 3-kompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2012
  Kaartjies R50

Wen een van 3 groot pryse
Prys 1: Jagnaweek in die Waterpoort, 1 eland, 1 koedoe, 1 rooibok
Prys 2: AMC Classic kookstel, waarde R15 000
Prys 3: iPad ter waarde van R6 500
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508
of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

- **Gemeente Port Shepstone: Prawnfees**
  Vrydag 6 Julie om 18:00
  Scottstraat 3
  Kaartjies @ R150, kinders onder 12 halfprys
  Eet soveel jy kan!
  Driegang-maaltyd, spitbraai as alternatief
  Kontantkroeg
  Kontak Adri by 082 572 4280 of Petro by 084 951 8961

- **Gemeente Philadelphia: Fietstoer 2012 Julievakansie**
  40 studente ry vir 15 dae fiets om fondse in te samel vir liefdadigheid

  30 Junie Pretoria
  1 Julie Kempton Park
  2 Julie Drie Riviere
  3 Julie Vanderbijlpark
  4 Julie Sasolburg
  5 Julie Parys
  6 Julie Toernaweek
  9 Julie Welkom
  10 Julie Wolmaransstad
  11 Julie Klerksdorp
  12 Julie Potchefstroom
  13 Julie Krugersdorp
  14 Julie Pretoria

  Navrae? Borgskappe? Wil jy saam kom fietstrap?
  Kontak Fanie Willers (toerleier): **fanie.willers@gmail.com** of 072 494 8735
  Lizaan Britz (ondertoerleier/bemarking): **lizaanbritz8@gmail.com**
  of 076 315 4218
  E-pos: **philadelphia@nhk.co.za**. Webwerf: **www.philadelphia.co.za**

- **Gemeente Witfield in Boksburg: Boogjagkompetisie**
  Sluitingsdatum: 29 Julie 2012
  Kaartjies R100 donasie
  1ste prys: 10 diere, waarde R40 000, en 5 nagte verblyf
  2de prys: 8 diere, waarde R19 300, en 3 nagte verblyf
  3de prys: 6 diere, waarde R11 000, en 3 nagte verblyf
  Geborg deur Nyalarus, tussen Groblersdal en Marble Hall
  Geweerjag kan gereël word
  of keuse om plaas se professionele jagter te gebruik
  Pryse verval op 30 September 2012
  Kontak Adri Nel by 084 200 1027
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895 vir meer inligting

Basaars en markte

- **Vrydag 25 Mei vanaf 13:00: Gemeente Delmas: Basaar**
  Tema: *Gaan Groen, Gaan Groot ...of Dood*
  Ons maak ons eie maalvleis en wors
  Beesagterkwarte @ R35 per kg
  Braaivleis, pannekoek, vetkoek, nagereg, kerrie-en-rys, tuisgebak
  Kinderspringkastele, verfbal, skyfskiet
  Navrae aan mev Heleen Bekker by 083 474 7771
  of **delmas@nhk.co.za**

- **Vrydag 25 Mei: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin**
  Basaar en kontantfondsinsameling
  Kaartjieverkope met pryse te wen

Kaartjies R10 – koop boekie met 25 kaartjies teen R200
en kry laaste 5 kaartjies gratis
Trekking 25 Mei tydens basaar
1ste prys: R10 000 kontant
2de prys: 5 kg maalvleis, 5 kg wors en 2 kg biltong
Persoon wat wenkaartjie verkoop, kry R1 500 kontant of 'n slagskaap
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 468 5545
of oudl Roenie van Zyl by 082 458 1257

- **Saterdag 26 Mei: Gemeente Schoemansdal in Hartbeespoort**
  Basaar
  Kunstenaars Gert van Tonder, Dozi, Karlien van Jaarsveld en Bok van Blerk
  Hope kosstalletjies
  Kontak Mientjie by 012 253 0146 of 083 536 1530

- **Saterdag 26 Mei: Gemeente Lichtenburg: Skrik-vir-niks-oesfees**
  Vanaf 08:30
  Gaskunstenaar Karen Ferreira
  Tombola vir kinders, skyfskiet, glybaan, springkasteel en klimmuur
  Veiling van pragstukke, plaasstalletjie, ontbytstalletjies, kwaliteitvleis
  Kompetisie met pryse: R15 000; vakansie vir 5 in Margate; platskerm-TV;
  naweek by Chimera Lodge; PVR-dekodeerder; en 'n verrassing!
  Kaartjies @ R20
  Navrae aan Du Toit van der Westhuizen by 082 877 6749
  Willie Manders by 018 632 4830 of **williemanders@arestan.co.za**
  Ds Gerrie Senekal by 082 576 1141, 018 632 2658 of **gcsenekal@nhk.co.za**

- **Vrydag 1 Junie: Gemeente Coligny: Winterfees**
  Gaskunstenaar Jesse Ackerman – kom sing karaoke saam en wen
  Hoëgehaltevleis teen uiters billike pryse
  Kaiings, pannekoek, hamburgers, nagereg, tuisgebak...
  Tombola, skyfskiet, kunsmark, kweekstalletjie, snoepie, roerbraai, skaappot...
  Springkasteel vir die jonges
  Heelwat pryse te wen – pragtige troupop, tafelnet, geslypte diamant...
  Die aand modeparade met ons eie modelle en gasmodelle
  Navrae aan **jsjordaan@telkomsa.net**

- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Junie: Gemeente Waterberg: Bosveldbasaar**
  Vrydag 17:00: Geniet potjiekos na beoordeling
  Saterdag vanaf 08:00: Basaar
  Sosaties, vars vleis, wildswors en -biltong, vetkoeke...
  Speletjies vir die kinders, veteraanmotors, vinnige ysterperde, skyfskiet...
  Kontak Mariet by 082 699 9862 of Kotie by 014 717 5477 (08:00 tot 13:00)

- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Junie: Gemeente Randburg**
  Vrydag om 19:00: Esti van Rooyen sing tot eer van God
  Volwassenes R100 per persoon
  R50 per laerskoolkind
  Voorskoolse kinders gratis
  Saterdag vanaf 08:00: Basaar
  Kontak Hennie Jooste by 082 562 2799 of **hennie.jooste@hotmail.co.za**
  of Tertia Viljoen by 083 287 7470 of **viljoentertia@gmail.com**
  Kaartjies by gemeentelike kerkkantoor 011 787 4983
  of **admin@nhk-randburg.co.za**

ANDER NUUS

Dr Donald Tolmie

- **Dr Donald Tolmie**, vorige Hoofsekretaris van die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika**, is Sondag 20 Mei in die ouderdom van 79 jaar oorlede. Hy het sedert sy aftrede aan die einde van 1997 op Stilbaai gewoon. Hy was ’n predikant van die NG Kerk, en het vroeër die NG gemeentes Keetmanshoop-Noord (1959-1962), Stilbaai (1962-1970) en Middelburg-Uitsig (1974-1987) bedien. Ds Wilhelm Steyn sê dat dr Tolmie ’n onkreukbare leier was wat altyd waardig en met agting vir ons Kerk opgetree het. Dit was vir ds Steyn ’n voorreg om hom en sy vrou, Bethal, wat hom in 2008 ontval het, as lojale vriende te hê. Ons wens hul vier seuns en hul gesinne sterkte en vertroosting toe.

- **Hardloop vir Bybels.** Neem jy op Sondag 3 Junie deel aan die Comrades-marathon? Jy kan die Bybelgenootskap se **Hardloop-vir-Bybels-projek** ondersteun met jou deelname. Atlete word per kilometer geborg vir die afstand wat hulle voltooi, en die fondse stel die Bybelgenootskap in staat om bekostigbare Bybels vir meer Suid-Afrikaners beskikbaar te stel. Indien jy ’n atleet is wat wil hardloop vir Bybels, of indien jy ’n atleet wil borg, kontak jou naaste Bybelhuis. Gaan na die webblad **www.bybelgenootskap.co.za** vir besonderhede.

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  Daar is tans poste vir **gekwalifiseerde maatskaplike werkers** by:
  - Brakpan
  - Nylstroom
  - Pretoria
  - Vanderbijlpark

  By die Lydenburg-kantoor:
  - 2/8ste sekretariële pos vir persoon wat rekenaarvaardig is
  - Pos vir Afrikaanssprekende hulpmaatskaplikewerker met geldige rybewys en wat by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer is

  Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **NEGENDE SUID-AFRIKAANSE KONGRES VIR CALVYNNAVORSING**
  15 tot 17 Augustus 2012 (Woensdagaand tot Vrydagmiddag)
  Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) is gasheer
  Akademici wat seminare wil aanbied, moet konsepte **voor 31 Mei** voorlê
  Navrae oor voorleggings aan dr Victor E d’Assonville by **vieddas@yahoo.de**
  of ds HH van Alten by **hhvanalten@vgkmaranata.org.za**
  Kontak ds Van Alten ook per e-pos of by 012 332 3256 indien u wil bywoon

- **Fourie Familiebond.** Min mense is bewus van die verskillende rolle wat Fouries in die Suid-Afrikaanse samelewing gespeel het, en fokus meestal slegs op Jopie Fourie, maar vergeet dat HCM Fourie die een was wat die Bybel in Afrikaans vertaal het, dat dit ’n Fourie was wat die eerste abba-hartoorplanting gekry het, en dat ’n Fourie die *vader* is van die moderne SA identiteitsnommer!

In 2012 is dit 324 jaar nadat Louis Fourie, ’n Hugenotevlugteling, voet aan wal gesit het in die Kaap, en om dit te herdenk, vind die grootste Fourie-nasate-byeenkoms **vanaf Vrydag 28 September tot Maandag 1 Oktober** plaas by die Hartbeespoortoord naby Brits. Kry inligting oor jou bloedlyn, hoor wat die invloed van DNA was op die groter Fourie-gemeenskap, leer ken die betekenis van die woord *Fourie* asook die denke agter die ontwikkeling van hul eie wapen. Akkommodasie is beskikbaar, en Fourie Familiebondlede kry 25% korting.

Besoek **www.fourie.info**, of stuur ’n e-pos na **admin@fourie.info**
Skakel Petro by 012 664 0294

- **ADVERTENSIES waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**.

  Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies
  ABSA Bank, Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Baie dankie vir die preeksketse. Dit help ons oneindig baie. Gaan asseblief voort daarmee.”

Prof Bieks Beukes

So glo ons

Die nuwe publikasie *So glo ons*, met die Reformatoriese belydenisskrifte en die ekumeniese simbole, is by SENTIK beskikbaar.

Die Kerk se nuwe Diensboek het in 2008 na afloop van die 68ste AKV verskyn. Dit het wel die drie ekumeniese simbole (die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis genoem na Athanasius) bevat, maar nie die drie formuliere van eenheid (die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls) nie.

Versoeke van ampsdraers en gemeentes het gelei tot die herdruk van die Kerk se belydenisskrifte. Volledigheidshalwe bevat *So glo ons* al bogenoemde belydenisse.

*** Bestel *So glo ons* teen **R50** (posgeld uitgesluit) van mev Susann van Zyl van SENTIK se boekwinkel. Kontak mev Van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos **sentik@nhk.co.za**.



Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx